*WORCESTER RIDING CLUB* *WORCESTER PERDRYKLUB*

P O BOX 931 WORCESTER 6849 – Email: worcperdryklub@gmail.co.za – Website: www.worcesterperdryklub.co.za

# Klub Reëls

Algemeen:

1. Enige persone wat die klub se perseel betree of fasiliteite gebruik doen dit op eie risiko.
2. Kinders onder die ouderdom van 18 jaar moet met ‘n beskermende ryhoed en toe skoene (met hakke) perdry.
3. Slegs lede word op eie risiko toegelaat om perde op die klub perseel aan te hou, te ry en te gebruik.
4. Nie-lede mag slegs met perd(e) werk of ry in die teenwoordigheid van die perd se eienaar wat ook ‘n lid is of tydens ‘n perdryles by ‘n afrigter wat ‘n lid is van die klub.
5. Geen perde mag in die stal area gery word nie.
6. Respekteer mekaar en mekaar se perde.

Kampe & weiding:

7. Perde moet weer in die weikampe terug geplaas word waaruit hulle gehaal is. Perde sal slegs met die stalmeester se toestemming in ander kampe geplaas word.
8. Die twee rykampe aan die voorkant van die klub mag slegs as weikamp gebruik word indien die eienaar(s) daar is om die perd onmiddelik te verwyder wanneer ‘n ruiter(s) die kamp wil gebruik of met die stalmeester se toestemming.
9. Weikampe mag nie as oornag kampe of alternatiewe staanplek gebruik word nie.
10. Die “washbay” en gras areas voor stalle mag nie gebruik word as ‘n staanplek vir perde nie.
11. Slegs lede se stalle of klein kampies mag as staanplek vir perde gebruik word.

Gesondheid & Versorging

12. Eienaars is verantwoordelik vir enige veeartskostes aangegaan, hetsy deur die eienaar se versoek of volgens die diskresie van die Stalmeester en enige kommiteelid. Hierdie fooie sluit in: die verpligte drie-maandelikse ontwurming, die verpligte jaarlikse inentings en griep inenting.

P O BOX 931 WORCESTER 6849 – Email: worcperdryklub@gmail.co.za – Website: www.worcesterperdryklub.co.za

# Klub Reëls (vervolg)

13. Daar word van eienaars verwag om ten alle tye behoorlik om te sien na die toestand van hul perde. Dit sluit in, maar is nie beperk tot: water en voer in stalle, instandhouding van hoewe en algemene kondisie.

Beweging:

14. Lede moet aanteken op die lys op die kennisgewingbord wanneer perde in- of uit beweeg van die klub.
15. Een kalendermaand skriftelike kennisgewing moet gegee word wanneer 'n perd verwyder word. Eienaars sal verantwoordelik gehou word vir die kostes indien daar nie behoorlik kennis gegee word nie.
16. Skriftelike aansoeke moet by die kommitee gedoen word om enige perd na die klub perseel te bring. Aansoekvorms is by die stalmeester beskikbaar en moet vergesel word met 'n sertifikaat van gesondheid van die perd en/of kopieë van die perd se paspoort. Slegs nadat die kommitee die aansoek goedgekeur het mag sodanige perd na die klub se perseel gebring word.
17. Skriftelike aansoek moet gedoen word om perde van stalle te verander. Geen perde mag stalle verander sonder die Stalmeester se toestemming nie.

Personeel

18. Klub personeel rapporteer aan die kommittee. Geen lid mag enige opdragte aan Attie of ander personeel deurgee sonder dat die Stalmeester daarin geken is nie.

Toerusting

19. Toerusting mag slegs met die Stalmeester se goedkeuring gebruik word.
20. Lede gebruik alle toerusting op eie risiko.
21. Lede is verantwoordelik om toerusting terug in die stoor te besorg na gebruik daarvan.

22. Enige spesiale reëlings moet met die stalmeester getref word.
23. Enige dispute of onduidelikhede sal volgens die kommitee se diskresie hanteer word.